DIE AFRIKANERBOND

# Konsep gedagtes oor 'n Afrikaner-verklaring

## Bondsraad
## 16 September 2022

# *Konsep gedagtes  Afrikaner Verklaring*

- ***Wie is ons?***
- ***Wie word deel van die reis na Afrikaner outonomie?***
- ***Wat is ons vertrekpunt/?e***
- ***Hoe lyk ons bestemming (Verskillende vorme van outonomie?***

---

## *Wie is ons*

***Afrikaners se verbintenis tot Suid-Afrika en die kontinent***

Afrikaners het die kontinent Afrika as hul eie aangeneem en hulself genoem na die kontinent. Afrikaners het Afrikaners geword as gevolg van hul verbintenis tot Suid-Afrika en die kontinent.
Afrikaners aanvaar 'n veelheid van identiteite

- In sy geskiedenis moes Afrikaners dikwels groot aanpassings maak en:
  - Sy vryheid inboet deur verskeie aanslae en is in die proses gekolonialiseer;
  - self met lewens boet, ten einde sy regmatige plek in Suid-Afrika te beskerm.
- Na die verwoesting van die 2de Vryheidsoorlog het die Afrikaner homself uit sy ekonomiese ellende opgewerk, ekonomiese mag begin kry en was die ideaal om ook politieke mag te verkry. Die politieke mag is verkry maar dit het gelei tot die onderdrukking van andere deur onder andere afsonderlike ontwikkeling en is mense van menswaardigheid ontneem. Hierdie foute het die Afrikaners ook reggestel. (Ons kan die verwysing na apartheid en die aandeel in die verlede met ander se insigte ook beter omskryf)
- In die oorgang na demokrasie in Suid-Afrika is die Afrikaners waarskynlik die enigste groep in die wêreld, wat vrywillig en deur onderhandelinge sy posisie van mag prysgegee het.
- Die nuwe demokrasie wat deur onderhandelinge daargestel is, vind neerslag in die Grondwet. Dit word egter dikwels deur die regering en regerende party geïgnoreer of verdraai.
- Deur sy trotse geskiedenis het die Afrikaners onlosmaaklik deel van Suid-Afrika geword. Niemand kan die regte van Afrikaners wegneem of ontneem nie.

***Afrikaners in die nuwe staatsbestel***

Met die Afrikaners in regering sedert 1948 tot en met 1994, is dit 'n gegewe dat Afrikaners deur die staat beskerm was wat die strewes en verwagtinge van die Afrikaner laat taan het. Eers na 1994 en aangevuur deur die groter ongerustheid oor die posisie van die Afrikaner, het Afrikaners besef dat hulle heil en lot in hulle eie hande is:

- Afrikaners is nie in beheer van die regering nie;
- Die regering word gedryf deur 'n uitgediende ideologie wat die land, sy mense en sy bronne kan vernietig;
- Afrikaners ervaar dat hul taal wat met hulle met andere deel, onderwys en kultuuruitlewing in die spervuur plaas;
- Waar die nuwe staatkundige bedeling voorspoed vir sommige gebring het, het dit ook uiterste armoede gebring, ook vir Afrikaners;

- Swart ekonomiese bemagtiging skep 'n ongelyke samelewing en word Afrikaners ook uitgesluit van vrye ekonomiese aktiwiteite en handel;
- Die geskiedenis van Afrikaners word misken
- Net soos ander Suid-Afrikaners is Afrikaners ook slagoffers van misdaad,
- 'n Ongekende Afrikaner diaspora vind plaas.
- Die tekens van falende staatsstrukture noop Afrikaners om alternatiewe op die been te bring.

## *Wie word deel van die reis na Afrikaner outonomie*

***Aansluitende samewerking tussen organisasies en individue***
***Afrikaner beduidendes***

Daarom is daar nou 'n noodsaak vir aansluitende samewerking in Afrikanergeledere om die grootste gemene deler in die geledere van beduidende Afrikaners te mobiliseer of aanvaarding te kry :

- Om die fokus te plaas op die gemeenskaplikhede van en tussen Afrikaners en daardeur die verskille te oorbrug.
- Om Afrikanerbelange doelgerig en met die grootste mate van konsensus te bevorder;
- Om 'n gemeenskaplike Afrikaner ideaal te bevorder;
- Om Afrikanerskap te koppel aan 'n gedeelde herkoms en geskiedenis;
- Voortdurende soeke na aansluitende samewerking
- Om Afrikaners in staat te wees om volledig Afrikaner te wees, sodat hulle dan ook volledig Suid-Afrikaner kan wees en daarom ook volledig 'n bydrae op die kontinent te kan lewer.

Hierdie behoefte kan mettertyd in 'n Afrikaner kultuur akkoord omskryf en beding word

## *Wat is ons vertrekpunt/e?*

***Afrikaners as deel van die hoofstroom van die Suid-Afrikaanse samelewing - daardeur word eiebelang en nasionale belang bevorder***

Afrikaners behoort hulle, saam met ander minderhede en Suid-Afrikaanse gemeenskappe , te beywer vir 'n nuwe sosiale kontrak / kultuur akkoord wat die verhouding van Afrikaners en ander minderhede tot die Suid-Afrikaanse grondwet en binne die huidige soewereine bestel kan bevestig.

Suid-Afrika behoort ook aan Afrikaners en daarom het die Afrikaners 'n onvervreembare reg om as eiesoortige kultuurgemeenskap, net soos ander minderhede erken te word;

- Daarom moet Afrikaners bemagtig word om onafhanklik en met selfvertroue op te tree;
- Daar moet 'n geskikte ruimte geskep word, binne die huidige soewereine bestel, vir kultuur-handhawing vir Afrikaners en ander minderhede,
- Die erkenning van Afrikaners se kultuur-eie met spesifieke verwysing na:
    - Die bevordering van Afrikaanse onderwys op alle vlakke
    - Die beskerming en bevordering van Afrikaans as amptelike taal
    - Die beskerming en bevordering van breë Afrikanerbelange.
- Afrikaners het kundigheid, vaardighede en hulpbronne wat aangewend kan word om sekuriteit, voorspoed en selfrespek te bied vir almal.
- Afrikaners beskik oor vaardighede wat 'n enorme bydrae kan maak tot die ekonomiese opbloei van Suid-Afrika.
- Hierdie vaardighede is ook reeds te vinde in die verbintenis tot Afrika as kontinent.

- As Afrikaners is ons bewus van ons status as 'n minderheid van die geheel en sal daarom saam met ander minderhede of taal en kultuurgemeenskappe werk in die bereiking van ons doelwitte
- As Afrikaners onderskryf ons die handves van regte en sal daarom mede Suid-Afrikaners met waardigheid en respek behandel en verwerp daarom enige vorm van rassisme, diskriminasie of aantasting van regte,  soos bv. eiendomsreg. Ons verwag daarom dat ons ook so behandel sal word.
- As Afrikaners aanvaar ons die demokratiese bedeling onderworpe aan die Suid-Afrikaanse grondwet maar dring daarop aan dat individuele asook groepsbelange erken, respekteer en gewaarborg word.

## *Kulturele Outonomie as eindbestemming*

Afrikanerbelange word tans bewustelik en onbewustelik losweg deur 'n verskeidenheid organisasies en individue op verskillende fronte bedryf. Tot 'n groot mate word hierdie verskillende Afrikanerbelangegroepe gelei deur die motiewe van die beskerming van Afrikaners se regte en vryhede; die strewe na 'n vorm van selfbeskikking of outonomie, die sosio-ekonomiese- en kulturele ontwikkeling van Afrikaners sowel as voedselsekuriteit en die fisiese beskerming van hulle lewe en eiendom.

Die ideaal is gevolglik of te werk na verskeie vorme van Afrikaner Outonomie  (Volgens Prof Deon Geldenhuys) Dokument

Verskillende groeperinge en Afrikaners streef na verskillende vorme van outonomie. Elkeen moet gerespekteer word met begrip vir elkeen se standpunte. Net so is een vorm van outonomie nie afdwingbaar vir almal nie  - Hierdie vorme van outonomie kan die basis vorm van die grootste gemene deler om beduidendes in Afrikaner geledere te betrek
***Territoriale outonomie*** - gebiedsgebonde outonomie
***Administratiewe outonomie*** plaaslike self-administrasie
***Kulturele of persoonlike outonomie*** word normaalweg toegeken aan 'n etniese, kulturele of godsdienstige minderheid wat nie in 'n bepaalde streek gekonsentreer is
***Funksionele (nie-territoriale) outonomie*** berus op die private inisiatiewe van 'n bepaalde gemeenskap
***Gemeenskapsoutonomie*** ingevolge die Suid-Afrikaanse grondwet

Waarbinne 'n gesamentlike  strategie geformuleer kan word  en daar sinvolle meganismes ontwikkel kan word om al die relevante terreine aan te spreek wat van belang is vir die Afrikaner se voortbestaan en ontwikkeling (bv. geestelik; staatkundig; juridies; veiligheid; kommunikasie; sosio-ekonomies; finansies; wetenskaplik/tegnologies en infrastruktuur/dienste).

Die uitgangspunt moet wees dat die fasilitering van die gesprekke en die uitkomste daarvan by wyse van konsensus sal wees.

- Hierdie belange kan in 'n Afrikaner verklaring omskryf word
- Dit kan deel vorm van ons strewe na 'n kultuurakkoord met die SA Regering

***Konsep gedagtes wat die Afrikanerbond voorgelê het aan die Afrikaner komponent van die AAI***

oooOOOooo